# K E R K R E G E R I N G

## KERKORDE VAN DIE GEREFORMEERDE KERK IN S.A.

## DEEL III

OOR DIE LEER, SAKRAMENTE EN ANDER SEREMONIES

KANDIDAATS IV
1980

PROF. G.P.L. VAN DER LINDE

DEEL III

## OOR DIE LEER, SAKRAMENTE EN ANDER SEREMONIES

### ARTIKEL 53

Deel I van die K.O. het gehandel oor die dienste. Christus versorg en regeer sy kerk deur geroepe diensknegte.

Hoewel hulle elkeen 'n persoonlike opdrag het (vgl. o.a. Esegiël 3:16 e.v., Matth. 4:19; 1 Tim. 3 ens) is hulle tog verplig om hulle taak in gemeenskaplike oorleg met mekaar uit te voer (vgl. art. 37). Daaroor handel Deel II; oor die kerklike vergaderings. Hulle handel nie net in die kerkraad gemeenskaplik nie, maar ook in meerdere vergaderings omdat die kerke opmekaar aangewys is.

Nou word in 'n nuwe afdeling weer teruggekeer na die diens self.

Die kerkregeerders en versorgers mag nooit vergeet dat hulle maar net diensknegte is nie (Matth. 10:24). Die bediening van versoening is aan hulle toevertrou(2 Kor. 5:18-20). God spreek tot sy kerk deur die Seun (Hebr. 1:1 en Joh. 7). Sy diensknegte moet Hom ,die Vlees geworde Woord na-praat in hulle roepingsvervulling. Ook in die kerkregering. Jesus Christus en Hom as die Gekruisigde en verheerlikte Heiland en Here, moet in alles wat hulle doen gehoor word. (Vgl. Joh. 10:1-29; 1 Kor. 1:17; 3:5-11). Hy is die fondament van die kerk waarop sy diensknegte moet bou (vgl. Ef. 4:12 e.v.).

Wat die Here aan sy kerk wil deurgee het Hy in sy Woord,die Profetiese Woord wat baie vas is (2 Petr. 1:19) gegee. Maar ons moet veral dit weet,"dat geen profesie van die Skrif 'n saak van eie uitlegging is nie; want geen profesie is ooit deur die wil van 'n mens voortgebring nie, maar deur die Heilige Gees gedrywe, het die heilige mense van God gespreek" (2 Petrus 1:20 en 21). Die Heilige Gees het ook al vroeg in die bestaan van die N.T.-kerk getoon dat Hy sy bedoelinge aan die kerk bekend maak deur die gesamentlike oorleg van die geroepe diensknegte wat uit die kerke en deur die kerke

gestuur word om onder sy leiding raad te hou oor die betekenis van dit wat Hy in die profetiese Woord laat vaslê het (vgl. Handelinge 15). Wat die kerk só verstaan van dit wat die Goeie Herder bekend gemaak het tot ons heil word saamgevat in die belydenisskrifte.

Die belydenisskrifte is dus nie 'n bron naas die Skrif nie, maar die stroom wat uit die Bron, die Skrif, vloei om die dors na God te les (vgl. Ps. 42). Soos die waterstroom afhanklik is van sy bron, só is die belydenis afhanklik, ondergeskik aan die Heilige Skrif. Van die belydenis af moet daar altyd weer by die Skrif gekom word.

Wanneer daar nou geëis word dat "Die bedienaars van die Woord en ook die professore aan die Teologiese Skool moet die drie Formu=liere van Eenheid ...... onderskryf en onderteken....", word hulle nie deur 'n papiere-pous gekwel nie, maar net weereens herinner daaraan dat hulle dienaars van Christus ten behoewe van sy kerk is! Dienaars wat niks anders as die Woord van die Here moet verkondig nie. Hulle onderskryf, stem in met die belydenis en beseël hulle instemming - eintlik sterker: hulle oortuiging dat alles in die belydenis ooreenkom met God se Woord. Hulle teken omdat (quia,) die belydenis ooreenkom met die Heilige Skrif (vgl. Ondertekenings=formulier p. 80, K.O.-uitgawe 1978). Daarom verbind hulle hul om net die Woord, soos dit deur die eeue deur die Heilige Gees aan die kerk uitgelê is te verkondig. Hulle erken dat die profetiese Woord geen saak van eie uitlegging kan wees nie. Alle subjektivisme word so by die wortel afgesny (vgl. Oor binding aan belydenis o.a. J.V. Coetzee: Neocalvinisme: K.J.B.F.).

Die predikant (en professor, wat ook nog predikant - bedienaar van die Woord, is) beloof bewustelik deur die onderskrywing en onder=tekening van die drie Formuliere van Eenheid om net dienskneg van die Here te bly en om nooit die plek van die Here te probeer inneem nie. Dit was die sonde wat die kerk vanaf die 2e eeu tot en met die reformasie geteister het. Satan wou deur die Pous die Here uit sy kerk verdryf. Hy laat Hom egter nie verdring nie. Hy sal sy kerk nooit los laat nie (vgl. Joh. 6:37-40).

Die eis tot ondertekening van die belydenis is reeds vroeg deur die kerke van die reformasie gestel. Die Franse kerke stel die eis

60/...

deur die Sinode van Armentiërs, 1566. Emden 1572 volg die Franse kerke hierin. Die predikante (en ouderlinge) moes aanvanklik net hulle handtekening onder 'n afskrif van die belydenis plaas.

Teen die einde van die 16e en die begin van die 17e eeu het dit egter duidelik geword dat die betekenis van die onderskrywing en ondertekening meer eksplesiet gestel moet word. Die Remonstrantse troebele dwing die klassis Alkmaar bv. in 1608 om 'n nadere omskrywing te gee van wat die eis inhou. Ook Klassis Buren 1610 en Part. Sinode Zeeland 1610 volg met 'n formulier waarin
(1) gestel word dat die ondertekenaar die belydenis aanvaar as geheel en al konform die Heilige Skrif;
(2) onderneem word om die leer uit te dra en te verdedig;
(3) beloof word om ingeval daar twyfel oor enige punt van die bely= denis ontstaan dit nie in die openbaar te laat blyk nie maar dit eers met die kerkraad, klassis, Part. Sinode of Nasionale Sinode te bespreek en om hom aan die beslissing van die vergadering te onderwerp;
(4) verder beloof is dat indien 'n kerklike vergadering dit nodig vind om hom tot verantwoording te roep oor enige punt van die leer, hy hom sal verantwoord.

Dordt 1618/19 rond hierdie formuliere af deur 'n "accuraat-formulier" wat dieselfde punte bevat as die van Zeeland, ter vergadering op te stel. Nuut in die Dordtse formulier was die bepaling dat die ondertekenaar altyd die reg van appel sou hê.

Hierdie formulier is deur die rasionaliste gedurende die 19e eeu as ondraaglik bestempel. Dit sou die predikante aan mensewerk bind en die belydenis bo die Skrif stel. Die resultaat was dat die ondertekeningsformulier van Dordt 1618/19 deur die 1816 regle= ment vervang is met een waarin die ondertekenaar hom aan die belyden verbind <u>alleen vir sover</u> (quatenus) dit ooreenkom met God se Woord. Prakties het dit daarop neergekom dat elkeen vir homself kan uit= maak wat hy van die belydenis wou aanvaar en wat nie.

Die Afgeskeidenes 1834 en Dolorendes 1886 en die Verenigde Kerke 1892 het egter weer die Dordtse formulier aanvaar. Dit is dieselfd wat ons ook nog het (vgl. bl. 80, K.O. 1978).

Die Gereformeerde Kerken in Nederland het enkele jare gelede weer die Dordtse formulier ingeruil vir een in die gees van die Her= vormde Kerk van 1816 (vgl. vir die Quia-quatenuskwessie ook H. Bouwman Deel II (1934) p. 570 e.v.)

Die ondertekening moet na die bevestiging voor die gemeente plaas= vind. Elke nuwe bevestiging eis 'n nuwe ondertekeninge.

Indien 'n predikant (professor) nie die belydenis wil onderteken nie, of nie 'n nadere verklaring van sy gevoele wil gee nie, as hy aanleiding gegee het tot twyfel oor sy leersuiwerheid, moet hy geskors word "deur die kerkraad of klassis". Die óf lyk hier vreemd. Dit moet eerder en wees ooreenkomstig art. 79 K.O. Alleen in geval die kerkraad weier om sy plig te doen moet die klassis dit alleen doen (vgl. Art. 79).

Daar word met groot lankmoedigheid opgetree. Die kerklike verga= derings sorg deur skorsing wel dat die kerk nie deur dwaalleer verwoes word nie, maar tegelyk word ook probeer om alles te doen om 'n dwalende predikant (professor) van sy dwaling te oortuig en te genees. Eers as daar hardnekkigheid is, volg die afsetting oor= eenkomstig artikel 79 K.O.

## ARTIKEL 54

Aanvanklik het Emden 1572 geeis dat ook ouderlinge, diakens en selfs onderwysers die belydenis moet onderteken. Spoedig is egter volstaan met die mondelinge onderskrywing van die belydenis deur die ouderlinge. Die owerhede het ook verhoed dat onderwysers en professore aan Universiteite so gebind word.

Gedurende die 16e eeu is die eis laat vaar en het eers weer finaal in die K.O. gekom in 1905, terwyl die proponente daarby gevoeg is. Die Sinode van 1973 het 'n formulier vir proponente en die van 1967 één vir ouderlinge en diakens vasgestel. In hoofsaak kom dit ooreen met die van predikante.

ARTIKEL 55

Die vorige artikels bind die diensknegte van Christus aan sy Woord. Art. 55 verplig hulle tot die handhawing en verdediging daarvan. "Om die suiwere leer in die gemeente te handhaaf en om valse leringe en dwalinge te weer, wend die bedienaars van die Woord en die ouder= linge ... die middele van lering, weerlegging, waarskuwing en ver= maning aan."

Die artikel lewer ook weer bewys dat die K.O. geen dooie, formele dokument is nie. Dit is ingeweef in die lewe van die kerk en het as't ware uit die kerk uitgegroei. Die redaksie wat Prof. J.D. du Toit nog gebruik en wat tot 1964 gegeld het lui: "Tot wering van valse leringe..., <u>wat deur ketterse geskrifte baie toeneem,</u> ..." Toe die boekdrukkuns in 1453 uitgevind is het die kerk - toe nog Rooms dadelik te doen gekry met die probleem dat gedagtes wat vreemd is aan die leer van die kerk in geskrifte onder die lidmate versprei is, tot nadeel van die kerk. Om hierdie gevaar te bekamp is bepaal dat geen boek sonder kerklike goedkeuring gedruk mag word nie. 'n Be= paling wat veral in die reformatoriese tyd op allerlei maniere omseil is. Die gereformeerde kerke het ook dadelik die gevaar dat dwaal= leraars ontrou en afval in die kerke kon bewerk, veral deur geskrifte, besef.

Die Sinode van Dordrecht 1618/19 het in art. 55 die sogenaamde boeke= sensuur ingevoer. Dit het bepaal dat niemand van Gereformeerde Religie 'n boek mag laat druk tensy dit van klassisweë goedgekeur is nie.

Sowel die Roomse Kerk as later die Gereformeerde kerke het dus nie teoreties-spekulatief reëlings ter handhawing van die leer getref nie, maar hulle daarop toegespits om die grootste bron van die dwaal= leer te probeer toestop.

Die poging van Dordt was egter ook tot mislukking gedoem en die Gereformeerde Kerken van Nederland, het in 1905 die artikel geredi= geer om te lees soos hierbo aangehaal by prof. du Toit. Daarmee is die beginsel duidelik gestel dat die diensknegte van Christus die suiwere leer moet handhaaf en tegelyk ook die een enkele groot gevaar nl. geskrifte waardeur die dwaalleer verbrei kan word, voor oë

63/...

gehou. Boekesensuur is afgeskaf in die sin dat boeke alleen onder goedkeuring van die klassis kan verskyn, maar die noodsaaklikheid van sensuur oor lidmate en/of ampsdraers wat dwaalleer verkondig ook deur boeke of artikels te publiseer wat nie ooreenkomstig die Skrif en belydenis is nie, is benadruk, terwyl die kwaad wat deur sulke geskrifte gestig word teengegaan moet word.

Met die revisie van die K.O. in 1964 is die verwysing na ketterse geskrifte weggelaat en die huidige redaksie aanvaar. Die motivering vir die skraping was dat die artikel nou duideliker gestel is.

Die Christelijke Gereformeerde Kerken in Nederland het art. 55 so verander: "De Ambtsdragers zullen met de hun ten dienste staande middelen de invloed tegengaan van onrechtzinige revolutionaire en zedebedervende lectuur en zowel in de prediking als bij de catechese en het huis bezoek waarschuwen tegen alles wat de zuiverheid van het christelijk leven bedreigt..." Enersyds is dit so dat in ons huidige redaksie die beginsel nou heeltemal duidelik uitstaan nl. die suiwere leer moet gehandhaaf word. Andersyds is dit jammer dat die groot bedreiging wat ketterse en sedebederwende geskrifte vir die suiwere leer inhou nie langer uitgelig word soos o.a. in die K.O. van die Christelike Geref. Kerke nie. Veral in ons tyd is dit noodsaaklik dat ampsdraers moet let op watter soort leesstof in die huise van gelowiges kom. Die aanslag van die Satan deur die sg. kunsroman, gedig, kortverhaal, allerlei skrifverklaringe, leerstellige uiteensettinge ens., is so ontsettend dat die oë daarvoor nie gesluit mag word nie. Hier geld die waarskuwing deur Paulus ook: "As iemand iets anders leer en nie instem met die gesonde woorde van onse Here Jesus Christus en met die leer wat volgens die godsaligheid is nie, die is verwaand en verstaan niks nie, ..." (1 Timotheüs 6:3-5). Ons verwag van die owerhede om deur die sensuurraad sulke soort ge=skrifte te weer, maar wat doen die ampsdraers in Gereformeerde Kerke? Word daar nog ooreenkomstig art. 55 teen sulke boeke en artikels gewaarsku?

In Art. 55 word aan elke ampsdraer opgedra om deur lering - in die prediking katkisasie en met huisbesoek - die ware leer te handhaaf teenoor die dwaalleer wat vanaf platforms, in geskrifte en oor die televisie verbrei word.

Die bedienaar van die Woord moet in hierdie verband ook deur katkisasie en die prediking die gemeente leer, om die dinge waar dit op aankom, te onderskei, sodat julle rein en vir niemand 'n aanstoot mag wees nie, tot op die dag van Christus, ..."(Filippense 1:10). Hy moet hulle uit die Woord van God laat begryp dat 'n skrywer onder geen omstandig= hede dinge mag bevorder wat die leser kan aanmoedig om in leer of lewe af te wyk van "die gesonde woorde van onse Here Jesus Christus nie." Hy moet die gelowiges leer dat slegte gesprekke (geskrifte, verhale) goeie sedes bederf (vgl. Magersfontein, Sewe dae by die Silbersteins, en die werke van André P. Brink,) om nie eers te praat van die goedkoop tydskriffies waardeur die antikristelike wetteloos= heid geroem word nie. Hy moet die gelowiges dus leer hoedat die Satan geskrewe middele sowel as die televisie, radio en selfs toe= sprake en konferensies gebruik om die suiwere leer te ondermyn ter voorbereiding van die ryk van die Antikris. Ook die ouderling moet by huisbesoek met erns die oë open vir die gevaar.

Die kwaad wat so deur dwaalleraars gestig is moet ook bestry word deur weerlegging in die prediking, katkisasie, en by huisbesoek. (vgl. 2 Tim. 4:2-4). Die gelowiges moet gewaarsku word en waar daar nie op die gevaar ag gegee word nie moet vermaan en bestraf word. By verharding moet die skrywers en ander verbreiders van die dwaalleer en aanhangers daarvan wat lede van die kerk is getug word.

In die lig van die groot debat rondom die sensuur oor geskrifte tans in ons land is dit van belang om te let op die bedenkinge wat prof. J.D. du Toit saam met die Sinode van Leeuwarden 1890, teen die boeke= sensuur deur die kerk sowel as die staat laat hoor:

1. Dit is moeilik om behoorlike beoordelaars in die toepassing van sensuur te kry (D.w.s. na die vereiste van die Dordtse K.O.). Oppervlakkige sensuur doen meer kwaad as geen sensuur nie. So is die "Sions Worstelinge" van die Rotterdamse predikant J. Fruytier verbied terwyl dit goed Gereformeerd was en is die panteïstiese "De hemel op aarde" van ds. Leenhof met klassikale goedkeuring uit= gegee. Daar kan in die verband ook gedink word aan soveel laster= like en sedebederwende boeke en rolprente wat as nie-aanstootlik in S.A. deurgelaat word. En dink veral aan die kwaad wat gestig word omdat die norm wat by sensuur in S.A. aangelê word nie die Woord van God is nie maar wat vir die algemene publiek aanstootlik sou wees al dan nie.

2. Sensuur op dag en weekblaaie is onmoontlik.

3. "Afgekeurde boeke kom tog in die lig en dan met sekere reklame".

4. "Die owerheidsensuur t.o.v.-godsdienstige boeke is geheel en al onmoontlik".

"Die goeie beginsel in hierdie artikel (die van die oorspronklike D. K.O.) is dat die geïnstitueerde kerk sal toesien wat daar deur haar lidmate gelees word..." (Klasdiktaat 1941-44).

ARTIKEL 56

Vanaf art. 53 is maatreëls getref vir die suiwere oordrag en bewaring van die leer (vgl. Matth. 28:19 veral: "en leer hulle om alles te onderhou wat Ek julle beveel het).

Die leer word vanweë ons stompsinnigheid en swakheid (art. XXXIII N.G.B.) afgeteken en beseël (Sondag XXV H.K. antw. 66) deur die sa= kramente. Woord en sakrament hoort bymekaar. Voorwaarde vir die sakramentsbediening is die bediening van die Woord. Die doop teken en beseël die inlywing in die kerk en die Nagmaal die voeding en ver= sorging van die lede van die kerk.

Hierdie beginsel bepaal dan die plek en orde van die artikels met bepalinge oor die sakramente, in die kerkorde.

Die bediening van die sakramente word vanaf art. 56 tot 64 gereël.

1. Die verbond van God

1.1 "Die verbond ... moet ... beseël word ..."

In die vorige artikel is in die algemeen van"die suiwere leer" sprake. In art. 56 word die leer nader aangedui as die leer van die verbond. Dit gaan in die kerk immers om die verhouding tot God en die regte gedrag van die gelowiges in hierdie verhouding met Hom. Om die ver= houding - in die verbond gereël - wat die gedrag bepaal draai alles in die kerk; daarom ook dat die verbond beseël word.

66/...

Die egtheid van die verbond word gewaarborg.

1.2 Wat is die verbond? Dit is die ooreenkoms wat God met diegenes wat Hy na sy voorneme roep (Romeine 8:28) maak, waarin Hy beloof "om vir jou 'n God te wees en vir jou nageslag na jou" (Gen. 17:7). Die ooreenkoms is eensydig (Monopleuries) dit kom net van God se kant af. Hy kom na die mens en Hy beloof aan die wat Hy roep dat Hy vir hulle en hulle kinders 'n God sal wees.

Hy eis egter ook: "Maar jy moet my verbond hou, jy en jou nageslag na jou van geslag tot geslag (Gen. 17:9; vgl. (Handelinge 2:39). Hy sorg ook dat aan die eise voldoen kan word deur die verbondsbloed (vgl. Exodus 12:7; Hebreërs 8 en 9; Romeine 8:29).

Hoewel elke verbond (ooreenkoms) gewoonlik twee dele het nl. beloftes en eise van die eenkant wat beantwoord word met beloftes en eise van die anderkant, word in die verbond van God die beloftes net deur Hom gemaak en die eise net deur Hom gestel. Die ander party; die ge=roepenes moet alleen sy beloftes aanvaar en voldoen aan sy eise en daartoe maak Hy hulle ook bekwaam. Hy gee ook wat Hy vra. Vandaar dat die verbond ook die genadeverbond genoem word.
(N.B. Lees oor die Verbond: o.a.

1. Calvyn: Institusie Boek IV, Hoofstuk XV.
2. Bavinck (1911): Gereformeerde Dogmatiek III Hfs. VII.
3. A. Kuyper (1909): De Leer der Verbonden. Volksuitgave. Kampen.
4. F.N. Lion-Cachet: Die Kontinuïteit van die Abahamitiese Verbond in die opset van die Sinaïtiese verbond. Ongepu=bliseerde Proefskrif P.U. vir C.H.O. 1977.

## 2. Die seël van die Verbond.

### 2.1 Seël

Uit die voorgaande behoort dit duidelik te wees dat die verbond - kennis daarvan en handeling ooreenkomstig daarmee - die fondament is waarop die kerklike lewe gebou is. Daarin word die nuwe lewe in Christus geopenbaar en beheers. Vandaar dat God ook sy verbond beseël - die egtheid daarvan vir die met wie Hy dit opgerig het, waarborg (vgl. Gen. 17:10-13; Matth. 28:19) 'n Seël is in die ou

tyd (en word vandag nog) gebruik om bv. aan te dui dat 'n geskrewe dokument waarlik van die skrywer afkomstig is. As 'n koning 'n bevel onder sy seël uitgereik het, het die seël gewaarborg dat die bevel waarlik deur die koning uitgereik is en daarom gehoorsaam moet word (vgl. Ester 3:12 en 8:8). Die seël dien as waarborg vir die egtheid van die stuk. Die doop waarborg dan dat God aan die wat Hy deur Jesus Christus met Homself versoen en daarom geroep het, beloof het dat Hy hulle God sal wees en eis dat hulle sy volk moet wees (nadat Hyself hulle as sy volk geheilig het. Vgl. 1 Petr. 2:9). Waar Jesus Christus die Middelaar - die een deur Wie se bemiddeling - van die verbond is, geld ook daarvan: "Daarom het God, omdat Hy nog kragtiger aan die erfgename van die belofte die onveranderlikheid van sy raad wou toon, dit met 'n eed gewaarborg. Sodat ons deur twee onveranderlike dinge (naamlik die belofte en die eed) waarin dit onmoontlik is dat God sou lieg, kragtige bemoediging kan hê, ons wat ontvlug het, om vas te hou aan die hoop wat voorlê, en ons het dit as 'n anker van die siel wat veilig en vas is en ingaan tot binnekant die voorhangsel waar Jesus as voorloper vir ons ingegaan het, Hy wat ... 'n hoëpriester geword het vir ewig"(Hebr. 6:17-20).

2.2 <u>Teken</u>

Dit is in die lig hiervan opmerklik dat in artikel 56 net van die doop as seël van die verbond gepraat word. Die Kategismus noem dit ook 'n sigbare waarteken" (S. XXV antw. 66); die <u>doop</u> laat iets <u>sien</u>, dit maak iets <u>duidelik</u> (S. XXVI nr. 69). Die water wat as teken oor die dopeling gegiet word laat <u>sien</u> hoe dat mens skoon gewas word en laat verstaan dat die bloed van Jesus die mens reinig (was) van al sy sondes (antw. 69).

Die sonde staan nie meer tussen die dopeling en God nie. God wys hom nie meer in toorn weg nie (vgl. Gen. 3:24) en hy wil nie meer soos God wees (vgl. Gen. 3:5 en 6) en dus sy eie baas nie, hy wil hom weer aan God onderwerp. Die Heilige Gees <u>vernuut hom</u>; <u>wederbaar hom</u>; sodat hy weer mens van God volkome toegerus vir elke goeie werk kan wees (2 Tim. 3:17 en vgl. H.K.S. XXXVI antw. 70).

Dit moet elke verbondskind in die kerk deur die bediening van die doop altyd sien.

## 2.3 Samevatting

Die doop as teken en seël dien dus as anker vir die strydende gelowige op aarde. As die spotstem fluister: waar is jou God (Ps. 42:4)? gee God self aan ons deur ons doop die antwoord om aan die spotters te gee: "Ek het jou verlos; Ek het jou by jou naam geroep, jy is Myne" (Jes. 43:1). Daarmee is dit ook duidelik waarom juis die naam van die dopeling so noukeurig uitgeroep word by die bediening van die doop: dit is 'n waarborg van God wat gegee word aan die spesifieke persoon met die besondere naam.
Calvyn sê dat die doop gegee is as 'n verseëlde handskrif waardeur die Here aan ons wil bevestig dat met al ons sondes weggedoen is; dit is deurgehaal en uitgewis.

Dit sal nooit weer voor sy aangesig kom en nie vermeld en toegereken word nie (Inst. IV.XV.1). Deur sy doop is elke strydende en berouvolle sondaar lewenslank verseker dat sy sondes vergewe is en dat hy deur die genadewerking van die Heilige Gees tot 'n nuwe lewe in staat gestel word (IV. XV. 3,4; vgl. Rom. 7:24).

Die Provincial Assembly of London 1654 (Jus Divinum Ministerii Evangelici. Or the Devine Right of the Gospel-Ministry) sê: "If we consider the nature, use, or efficacy of Baptism, it is called by the holy Ghost a saving Ordinance, and is unto believers and their seed in the New Testament, as the Ark was to Noah and his family in the old world, who being in the Ark was saved from perishing in the waters, when the rest were drowned; ..." (p. 23).

Die doop laat so sien dat en wat God beloof en eis in die Verbond en waartoe Hy ons in Christus bekwaam maak (vgl. Rom. 6:1-12; Rom. 7:21-25; 2 Kor. 5:17-19); dit waarborg ook die egtheid van die beloftes en eise, ook in die gedoopte se geval.

Die doop bring en stel die verbond voor die oë van die gemeente as 'n alles beheersende werklikheid.

## 3. Die dopeling

3.1 Die opdrag in art. 56 is om die doop"aan die kinders van die Christene"te bedien.

Uiteraard word in die artikel gereken met die normale feit dat die

wat God na sy voorneme wou roep, reeds geroep en vergader is as kerk. Vandaar dat die opdrag tot die doop die kinders van die Christene - dit is van die wat aan Christus behoort sy dissipels is (vgl. Handelinge 11:26) - raak.

Die verbond is opgerig met elke gelowige en sy nageslag. Die belofte is "vir julle en julle kinders", sê die Heilige Gees deur Petrus aan die wat hulle bekeer en laat doop in die Naam van Jesus Christus (Handelinge 2:38). God roep dus die met wie Hy sy verbond wil oprig uit die gevalle mensheid (vgl. Gen. 12 i.v.m. 11). Wie gelowig op die roeping die beloftes en die eise aanvaar word gedoop (vgl. Gen. 17:10 en 11 en Handelinge 8:30-38 in die lig van Kolossense 2:11-14). Hy word so deur die doop in die kerk ingelyf (Handelinge 2:41 en 42). Die doop is die bewys dat so een tot die familie

van God behoort (Vgl. Ex. 24:8 en Hebr. 9:4 en Inst. IV XV. 13 en Calvyn: Kategismus 1541). Die doop volg in die geval eers op die belydenis van geloof.

God self sê egter verder dat Hy sy verbond oprig met die gelowiges en hulle nageslag. Daarom moet die verbond ook aan hulle kinders beseël word. (Gen. 17:7; 19:5 en 6; Hand. 2:39; N.G.B. Art. XXXIV; H.K.S. XXVII vr. en antw. 74).

Die <u>kinderdoop</u> is dus <u>'n instelling van God</u>. Die doop het in die plek van die besnydenis gekom (Kol. 2:9-15). Daar word wel nêrens in die N.T. direk melding gemaak van die kinderdoop nie, tog word die <u>saak</u> dwarsdeur die N.T. veronderstel deur die nadruk daarop dat die N.T.-kerk die Nuwe Israel is. "En as julle aan Christus behoort, dan is julle die nageslag van Abraham en volgens die belofte erfgename" (Galasiërs 3:29; vgl. ook Rom. 11:16-18). Die verbond met Abraham en sy nageslag is mede beseël deur die besnydenis van elke manlike seuntjie op die agtste dag.

Die kinderdoop word voorts as vanselfsprekend geneem waar vermeld word dat iemand wat tot geloof gekom het en sy <u>hele</u> huis gedoop is. Die kinders is daarby ingesluit (vgl. die Sipier en sy huis Hand. 16:31 - 33).

Die eis van die Anabaptistiese sektes tot die <u>grootdoop</u>, op grond

70/...

van o.a. Mark. 16:16 "Hy wat glo en hom laat doop, sal gered word; ..." - wat eers 'n bewuste belydenis van geloof voor die doop veronderstel - hou nie rekening met die oorgangstadium tussen die ou en Nuwe bedeling nie. In die tyd van die apostels moes die verstrooide skape van Isreal eerstens vergader (tot geloof gebring) word (vgl. Matth. 10:6 e.v. in die lig van 9:35-38) en daarna die uitverkorenes uit die heidene of nasies toegebring word (vgl. Matth. 28:29 en Romeine 11:11 e.v., Gal. 2:7-9; en Handelinge 10 veral vers 35). Insoverre die vergaderwerk gevorder het, het die normale weer teruggekeer nl. dat die verbond van God ook aan die kinders van die Christene beseël is.

Grond van die kinderdoop is dus die verbond van God (H.K.S. XXVII vr. en antw. 74). Wie nie met die verbond reken nie moet kom tot die verwerping van die kinderdoop (vgl. vir die kinderdoop: o.a. H. Bouwman: Geref. Kerkrecht II; Calvyn Inst. IV. XVI en Bavinck 1911: Gereformeerde Dogmatiek IV Hoofs.X, par. 58 en bls. 574.) Vir die stryd in die Geref. Kerken in Nederland oor die Kuyperiaanse leer van die doop op grond van die veronderstelde wedergeboorte vgl. die massa brosjures uit die jare veertig wat uitgeloop het op die vrymaking van 1944. O.a. H.N. Ridderbos, s.j. Verbondscollectivisme. Tweede druk; H.N. Ridderbos: De belofte van het Genadeverbond; H.J. Spier: Het Mysterie van Gods verbond - Tweede druk. Dr. P.J.S de Klerk: Belofte en eis van die Genadeverbond (Inougurele rede, Nov. 1949). Vgl. verder vir ou Sinode besluite F.L. Ros: De Orde der Kerk, bls. 206-214.

Konklusie: Die dopelinge is

1. Volwassenes wat uit die heidendom in die kerk ingelyf word en
2. die kinders van die Christene.

### 3.2 Probleme in die praktyk

In die praktyk is dit soms moeilik om te bepaal of ons te doen het met 'n verbondskindjie of nie. H. Bouwman bespreek die probleme breedvoerig (Deel II, p. 264 e.v.). Hier word net kortliks daarna verwys.

#### 3.2.1 Moet kinders van afvallige (kerklose) ouers gedoop word?

Die volkskerk gedagte - dat die hele volk aan die offisiële lands= kerk behoort, ongeag belydenisaanvaarding - spreek mee in die be= antwoording van die vraag.

Die probleem raak dan veral mense wat spottend aangedui word as die wat net viermaal in die kerk kom: met hulle doop, huwelik en die doop van hulle kinders en hulle begrafnis. Kan kinders van sulke ouers nog tot die verbond gereken word? In S.A. is dit in sekere kringe vanselfsprekend dat sulke ouers wel die reg het om die doop vir hulle kinders te eis. Hulle het nog nie die kerk bedank nie. Die vaders was in die opsig ook ruim van opvatting. Sulke kinders is wel gereken tot die verbond en moes gedoop word, maar die ouers kon hulle nie self ten doop hou nie. Hulle kon alleen gedoop word indien daar die <u>waarborg</u> is dat die grootouers of ander doopgetuies wat die kind dan voor doop hou, sal sorg vir die <u>verbondsopvoeding</u>. Dit geld in elke geval waar ouers die gebruik van die nagmaal ontsê of onder een van die trappe van sensuur is. In bogemelde geval moet in 'n gereformeerde kerk egter tegelyk met tughandeling teen sulke ouers begin word. Waar die tug nog trou uitgeoefen word sal die probleem in hierdie vorm nie veel voor kom nie.

3.2.2 Dit sal egter 'n ander veroorsaak. Wat gebeur nou as die ouers afgesny word vanweë verharding in die sonde - geëkskommuniseer word? Sommige het in die 16e eeu geantwoord: <u>ja</u>, op die voorwaar= des (nl. dat grootouers nog in die verbond is) in 3.1.1 genoem. Die Sktose kerke het in 1560 gesê: <u>nee</u>. Sulke kinders kan alleen gedoop word indien die ouers weer opgeneem is of as die kinders self tot openbare belydenis van geloof gekom het.

Voetius maak die onderskeid in sy Pol. Eccl. I 666 tussen kinders gebore <u>voor die afsnyding</u>, wat gedoop mag word op die voorwaardes hierbo in 3.2.1 genoem.

Kinders <u>na die afsnyding</u> gebore is egter net soos hulle ouers, buite die verbond en mag nie gedoop word nie. Hierdie <u>standpunt is seker die skriftuurlike</u>. Kinders van heidene mag nie gedoop <u>word nie</u>.

3.2.3 As een van die ouers nog lid van die kerk in volle regte is

72/...

kan hy of sy wel die kind ten doop hou (vgl. 1 Kor. 7:14).

3.2.4 Wanneer 'n kindjie buite die eg gebore is geld in die geval van 'n berouvolle moeder dieselfde as in die vorige geval (3.2.3). Is die moeder verhard en die grootouers lidmate in volle regte kan hulle of ander lidmate die kind laat doop op voorwaarde dat hulle kan sorg vir die verbondsopvoeding.

Indien so 'n kindjie aangeneem word deur verbondsouers was die praktyk vroeër dat waar dit vasstaan dat so 'n kindjie uit die verbondskring is, die nuwe ouers dit ten doop kan bring. Indien 'n kind 'n vonde= ling is het die vaders gesê: aanvaar dat dit in die verbondskring gebore is as dit in 'n oorwegend christelike omgewing gevind is. Wanneer ook deur die kerkraad sekerheid oor die afkoms gekry moet word, moet deur die ouderlinge en/of predikant met groot kiesheid opgetree word. Geen blote nuuskierigheidsvrae mag gestel word oor die afkoms nie.

Tans is so 'n ondersoek deur die kerkraad egter nie meer noodsaaklik nie aangesien die Sinode van 1970 besluit het op grond veral van Gen. 17, dat wettige aanneming ook inlywing in die verbond beteken. Al waarvan 'n kerkraad hom dus tans, in so 'n geval noodwendig moet van vergewis is dat (1) die aanneming ook in wetlike vorm sy be= slag gekry het en (2) die ouers die aanneming beleef as 'n aanneming in die Here. (Acta 1970, art 73 bl. 137).

3.2.5 Mag ouers wat wel dooplede is, maar nog nie van hulle geloof belydenis gedoen het nie, hulle kinders ter doop hou? Nee, maar die kinders moet wel gedoop word as geskikte doop getuies gevind kan word om hulle ten doop te hou en op te voed. Die ouers moet intussen vermaan word om die verbondsbeloftes en eise bewustelik vir hulleself toe te eien sodat hulle hul plig t.o. van hulle kinders kan nakom.

3.2.6 Mag die ouer (vader of moeder) wat nie lid van die betrokke Geref. Kerk is nie wel saam met die een wat lid is hulle kindjie ten doop hou?

As reël mag dit nie en wanneer dit tog in 'n uitsonderlike geval mag

gebeur dat 'n gelowige ouer wat om gewigtige redes nie aan die Geref. kerk behoort nie (Bv. Duitsprekende eggenoot wat vanweë kulturele e.a. faktore lid van die Lutherse kerk bly) tog toegelaat word om saam met die wat die kindjie ten doop hou in die midde van die gemeente te verskyn, mag hy (of sy) in so 'n geval nie antwoord op die vrae wat gestel word nie. Net die ouer wat lid is word in die vrae aangespreek.

3.2.7 Ouers wat lid is van 'n Geref. Kerk elders en bv. op besoek is by hulle ouers, kan toegelaat word om hulle kindjie in die kerk waar hulle op besoek is te laat doop mits die kerkraad onder wie se sorg hulle woon daartoe toestemming gee. Aan daardie kerkraad sal dan ook moet berig word dat en wanneer die doop wel bedien is. As reël moet die verlof skriftelik wees en onderteken deur 2 lede van die kerkraad (vgl. Art. 82 K.O.).

## 4. Leeftydsgrens vir die kinderdoop

Tot op watter leeftyd mag die kinderdoop nog bedien word? Daar is nog altyd tereg geantwoord dat dit afhang van die geestelike ontwikkeling van die kind. Sodra hy/sy homself/haarself rekenskap van die geloof kan gee, mag die kinderdoop nie meer bedien word nie. Dan moet die volwassedoop bedien word. Op 'n vraag in die verband het Rotterdam 1586 en Leiden 1592 geantwoord dat kinders van 7 of 8 jaar gedoop moet word en "dat de ouders zullen present verschijnen bij de doop, en dat de dienaar des woords... waar het stichtelijk ge=schieden kan, zal handelen met afvraging van het onze Vader, de tien geboden, 't geloof en van de doop (d.w.s. betekenis van die doop), doch alzo dat dit in de vrijheid der kerken gesteld worde." Dit sal seker m.b.t. kinders van 7 en 8 jaar baie selde stigtelik wees om so te handel! Leeuwarden 1592 besluit egter dat in die geval van kinders van 12-14 jaar die optrede wel stigtelik sal wees in die sin dat die kinders blykbaar sonder die bysyn van die ouers "voor de doop aldaar opzeggen de apostolische geloofsbelydenis en het onze Vader enz. M.a.w. moet kinders vanaf ± 12 jaar instaat beskou word om self belydenis van hulle geloof te doen en dat die kinderdoop van min of meer dié ouderdom af nie meer bedien kan word nie (Vgl. ook Rutgers: Kerkelijke Adviezen II p. 67 e.v.).

74/...

5. Erkenning van die doop

In hierdie sondige bedeling waarin ons die verskeurdheid van die kerk beleef is die vraag na herdoop of nie baie dringend. Die Geref. Kerke in S.A. het in die verband, in aanlsuiting by die kerke vanaf die reformasie bepaal dat die doop erken word in elke geval waar die doop bedien is 1. in 'n kring waarin Jesus Christus as Ver=losser en Here bely word; in die Naam van die Drie-enige God; 2. met water (d.w.s. suiwer, gewone water. Die sg. heilige Jordaan water wat aangery word is 'n verkragting van die water as teken in die doop) en 3. deur 'n bedienaar wat wettig daartoe geroep is in die kerk waar die doop bedien is. (Dit sluit egter die doop deur ouers, 'n vroedvrou, geneesheer of vriend in geval van nood by die Roomse, uit. Hier kan geen sprake wees van enige roeping tot die diens nie. Dit sluit die doop deur 'n ouderling wat daartoe versoek is deur die kerk onder besondere en absoluut uitsonderlike omstandig=hede in omdat so 'n ouderling enigsinds in die geval 'n roeping gehad het (vgl. J.D. du Toit Diktaat).

Hierdie voorwaardes sluit ook die doop deur sektes in. Alleen wanneer die doop deur Antitrinitariese sektes bedien word, soos Russelliete of Getuies van Jehova en die Unitariërs moet daar oor gedoop word omdat hulle vorige doop nietig of fiktief was. Vgl. H. Bouwman II P 327 e.v. vir die doop deur ketters. Verder wys hy in verband met die donatistiese stryd dat Augustinus daarop wys dat dit in die doop nie oor die persoon van die bedienaar gaan nie.

Wanneer 'n lidmaat hom of haarself deur 'n sekte laat doop sluit hy/sy metterdaad by die sekte aan en hou hy op (ook deur verloëning van sy belydenis) om lid van die betrokke Geref. Kerk te wees. So iemand kan alleen weer, in geval van berou, opgeneem word na openbare belydenis van geloof (Sinode 1945).

6. Kinders in 'n inrigting

Verbondskinders in 'n Geref. Kindertehuis of ander inrigting mag deur die huisouers (Geref.) of enige verantwoordelike Gereformeerde persone deur die Tehuiskommissie goedgekeur, vir die doop aangebied word. (Sinode 1949, art. 145).

7. Tyd van die doop

Die verbond van God moet aan die kinders van die Christene "so spoedig moontlik" beseël word. Wat daarmee bedoel word is duidelik uit Handelinge 8, wat die volwassenes betref: die belydenis van die ge=loof word direk met die doop opgevolg (vers 36-38 vgl. verder Hand. 10:47, 48, ens.) Wat die kinders betref is dit duidelik uit Gen. 17 en Kol. 2:9 e.v. waar bepaal word dat 'n seuntjie van 8 dae besny moet word en derhalwe ook dat 'n kind kort na sy geboorte gedoop moet word.

Die vaders het dit so vertolk dat daar geen versuim mag wees om die verbond van God te verseël na die geboorte nie en versuim is minagting van God se sakrament; geen waarde word geheg aan Sy waarborg vir die kind nie. Prof. Dr. J.D. du Toit het in die klas die beeld van die skaapboer gebruik: daar word gehaas om die pasgebore lammers te merk om sodoende die eienaarskap met betrekking tot die lammers on=betwisbaar te stel. Die kinders van God moet onverwyld as syne aangemerk word.

Op grond van hierdie beginsel kan die praktyk van doopsondae lei tot 'n vervlakking in die begrip van die doop as sakrament.
In die Geref. Kerke het ouers vroeër hulle kinders in die eerste same=koms van die gemeente na die geboorte laat doop. As reël het die Vader die kind dan alleen presenteer.

Die ou praktyk was seker oordrewe as ingedagte gehou word dat die moeder tog ook deel het aan die verbond, sy is verbondsmoeder wat veral in die prulle jeug feitlik die gehele sorg en opvoeding van die kind op haar het (vgl. Hanna, I Sam. 1 en 2). So gou as moont=lik beteken dan sodra die moeder in normale gevalle so herstel het dat sy teenwoordig kan wees. In die praktyk sal die doop as reël dan nie langer as tot op die 3e Sondag na geboorte uitgestel kan word nie. Langer uitstel sou 'n sondige vertraging nie uitsluit nie - iets waarteen die Sinodes van 1958, art 69 en 1961, art. 39 baie ernstig waarsku.

8. PLEK

Die doop moet in die erediens (nuwe redaksie) of "in die openbare

samekoms wanneer die Woord van God gepreek word" (ou redaksie) bedien word. Gewoonlik word dit bedien na die Skriflesing en voor die preek. Dit is seker prinsipieël meer juis om die doop na die preek te bedien - die sakrament is tog 'n teken en seël om die Woord beter te leer verstaan en te bevestig. Voor die preek kan dit ook - die Woord is immers reeds gehoor en m.b.t. die doop in die Formulier uitgelê. Die sakrament mag nooit los van die Woord bedien word nie. Huisdoop is ongeoorloof in die sin dat die predikant net gou die kind doop. Vgl. Handelinge 2:37.

Die doop is ook die sakrament waardeur die verbondskind openlik in die kerk ingelyf word. Dit bring mee dat dit in die midde van die vergaderde gemeente moet geskied. Daarom, as die Sinode van Dordt 1618/19 op aandrang bepaal dat die doop in "groote noot" wel in die huis bedien kan word, word ook bepaal dat dit alleen kan gebeur in bysyn van die kerkraad. Daar moet dus 'n vorm van ere=diens gehou word; 'n vorm van 'n amptelike samekoms wees. (Vgl. ook T.L. Rutgers: Kerkelijke Adviezen II p. 10 e.v.)

## 9. Die bedienaar van die doop

Kragtens die aard van die sakrament as 'n teken en seël by die Woord kan dit nie anders as dat die wettig geroepe bedienaar van die Woord die doop bedien nie. (vgl. Matth. 28:19). Die doopsbediening is 'n amptelike handeling in die Naam van Christus deur die dienaar van die Woord. (F.L. Bos, p. 206), vgl. ook Wesel 1568. en Bouwman II p. 317 e.v.).

## 10. Wyse waarop doop bedien word.

Moet die doop deur besprenkeling of onderdompeling geskied? Hierdie vraag is van besondere betekenis vir die Wederdopers wat aanvaar dat Cristus die doop deur onderdompeling beveel en dat die ou kerk dit in praktyk gebring het. Breed kan ons hier nie daarop ingaan nie en net enkele hooflyne word aangestip. Dit is wel so dat vir die ou kerk die onderdompeling reël was. In geval van nood is die besprenkeling egter so vroeg as aan die einde van die eerste eeu of die begi van die 2e eéu reeds al bekend (vgl. die Didache). Cyprianus be=roep hom ook vir die besprenkeling in gevalle van siekte op Eseg. 36:25.

Die besprenkeling het eers sedert die 12e eeu algemeen geword en die indompeling kom sedert die 15e eeu nog net selde voor.

Bouwman meen daarby o.a. op grond van Handelinge 2:41, dat die Apostels reeds deur besprenkeling gedoop het. Dit was nie moontlik om die 3000 in Jerusalem op een dag deur onderdompeling te doop nie (vgl. ook Hand. 10:47, 48; Handelinge 16:15, 33. Walaeus stel dit dat baptoo en baptizoo eintlik beteken bevogtig. Dit sien in N.T. op die seremoniële wassinge van die O.T. Die hoofsaak by die doop is dat <u>die betekende saak, die geestelike reiniging duidelik deur die doophandeling uitgedruk word</u>. Dan sou onderdompeling meer eksplisiet wees maar terwyl die toepassing daarvan moeilik is be= antwoord besprenkeling ewe goed aan die vereiste van die sakrament en is die kerk gelei deur die Heilige Gees om die besprenkeling as reël te aanvaar.

Die bedienaar van die sakrament moet egter waak daarteen om die teken nie heeltemal te verswak deur net enkele druppels op die voorhoof as't ware te smeer nie. Daar moet genoeg water gebruik word. (Vgl. H. Bouwman II p. 312, e.v.)

11. <u>Die formulier</u>

Die byvoeging by art. 56 in 1964 dat die doop beseël moet word "vol= gens die formulier ...", is in die lig van art. 58 eintlik oorbodig.

Lees ook Antonius Walaeus oor die sakrament van die Doop: <u>in</u> Synopsis Purioris Theologiae, vertaling Dirk van Dyk 1964: Synopsis pp. 150-166.

* * * * * * * * * * *

## ARTIKEL 57

Artikel 57 stel mens aanvanklik voor die vraag: moet die ouderling dan nie toesien dat vaders of die wat in hulle plek kom in sekere omstandighede (vgl. art. 56), hulle verpligting tot die doop van hulle kinders nakom nie? Waarom word die taak hier aan die bedienaars van die Woord opgedra?

Op soek na die antwoord tref dit weereens hoe fyn die opstellers van die K.O. onder leiding van die Heilige Gees onderskei het. In aan= sluiting by art. 55 gaan dit hier nog om die suiwer houding van die leer van die verbond, soos afgeteken en beseël deur die doop. Die betrokkenes moet nader onderrig word oor wat die Skrif leer aangaande die doop voordat hulle hul kinders aanbied om gedoop te word en die taak hoort by die bedienaar van die Woord.

Toe die K.O. opgestel is was die kennis aangaande die doop nog in die duisternis van die Roomse dwaalleer gehul. Die verbond was glad nie meer ter sprake by die doop nie. In teendeel, die sakra= ment is losgemaak van die Woord en het opsigself die genade bewerk vir elke individuele kind - ongeag die verbond - wat gedoop is.

Die natuurlike band tussen ouer en kind, wat in die verbond so deur= slaggewend is vir die kinderdoop (vgl. Hand. 2:39), is vir die Roomse juis 'n hindernis met die oog op die verwerwing van die genade deur die doop. Die doop skenk (beseël nie) genade. Die ouers is oor= saak dat hulle kinders in sonde ontvang en gebore is. Hulle kan dus nie op grond van hulle geloof gedoop word nie. Ander moet as doopgetuies optree sodat die kind die genade kan verwerf.

Hierdie opvatting vloei voort uit die Roomse teenstelling tussen natuur en genade. Hy wat geestelik wil word moet breek met die natuurlike. Daarom kan, ook volgens die besluit van die Sinode van Mainz 813, die vaders nie meer die doop vir hulle kinders aanvra nie, maar 2 getuies moes dit doen (genoem die Peter en Meter). Hulle doen dan in die plek van die kind belydenis van geloof en presenteer die kind vir die doop - die kind is op hulle geloof ge= doop (Vgl. J.D. du Toit, Diktaat, en H. Bouwman II, p. 306 e.v.;

H. Bavinck: Ouders of Getuigen).

Hierdie dwaling - net soos elk ander dwaling wat insake die doop getroetel word - moet met krag geweer word. En waar dit in die sestiende eeu eerstens gegaan het om onkunde en nie om 'n dwaling wat willens en wetens aangehang is nie en dit vandag ook nie altyd gaan om bewuste dwalinge by ouers aangaande die doop nie, is hier nie sprake van die tug (vgl. art. 71 e.v.) nie, maar wel van onder=rig uit die Woord aangaande die suiwere leer van die doop. En die taak berus by die bedienaar van die Woord kragtens sy profetiese amp (vgl. Matth. 28:19). Die suiwere leer aangaande die doop moet in die gemeente gehandhaaf en valse leringe daaromtrent geweer word (vgl. F.L. Bos p. 214), sodat die vader as hoof van die verbondsgesin sy plig kan doen.

Dat die bedienaar van die Woord "moet toesien dat die Vader ... die doop ... aanvra", vloei voort uit die posisie van die vader as hoof van die verbondsgesin. Hy is die verantwoordelike.

Ontbreek die vader in die gesin gaan sy taak oor op die moeder of die voogde (vgl. art. 56).

## ARTIKEL 58

Artikel 58 sluit nog aan by die voorgaandes waarin gewaak word dat die suiwere leer aan die kerk verkondig en daarin gehandhaaf word.

Die duiwel is listig en op sy gevaarlikste as hy hom voordoen as engel van die lig, terwyl hy die diensknegte van Jesus Christus vir sy doel gebruik. Veral waar dit gaan om die misterie van die verbond soos beseël deur die doop, kán so maklik deur verkeerde aksente of di weglaat van enkele woorde, 'n heeltemal verkeerde voorstelling daarvan gegee word. By die doopsbediening moet dus nougeset gewaak word teen dwaalleer.

Daarom het die kerke die verklaring sowel as die vrae, gebede en die formule wat met die doopbediening gepaard gaan, nie in die vryheid

van die individuele bedienaars van die Woord gelaat nie; hulle het self deur die sinode laat vaslê, in die betrokke formuliere, wat gesê moet word by die doopsbediening.

Dit is tewens duidelik dat daar reeds in die N.T.-tyd min of meer vasstaande formules was vir die belydenis waarmee ingestem moes word vgl. Hand 8:36-38. Natuurlik het die doopsformule van die begin af vas gestaan, Matth. 28:19: "... in die Naam van die Vader en die Seun en die Heilige Gees...".

Hoe nodig dit was dat formuliere opgestel word en dat predikante verpl is om dit te gebruik het o.a. geblyk uit die stryd teen die remonstran te en later die rasionaliste in die negentiende eeu, toe deur die wysiging van enkele woorde in die formulier selfs in die gebed of vrye toesprake en gebede die dwaalleer die kerke ingedra is deur predikante wat hulle nie streng aan die formuliere gehou het nie. (Vgl. o.a. S.D. v.d. Veen: Eene Eeuw van Worsteling. Dr. B. Wielen= ga: Ons Doopsformulier, 2e druk, Kampen).

## ARTIKEL 59

Die artikel bring die gelykheid en onderskeid tussen die doop van volwassenes en die van die kinders op die voorgrond.

In beide gevalle word die verbond van God deur die doop beseël (art. 56). Vir beide is die doop die openlike inlywing van die dopeling in die kerk.

Die gevolge van die beseëling is egter nie in beide gevalle dieselfde nie. So verplig die doop van 'n kind die ouers om die kind godsalig op te voed om te kom tot die bewuste aanvaarding van die verbond; om die kind te behandel as eiendom van God sodat die kinders self kan han as sy eiendom (vgl. Ef. 6:1-4). Die volwassene spreek egter per= soonlik by die doop sy hartlike voorneme uit om altyd Christelik te wandel en die wêreld en sy sondige begeerlikhede te versaak (vyfde doopvraag waarop bevestigend geantwoord moet word); hy beloof "om te wandel waardig die roeping waarmee (hy) geroep is..." (Ef. 4:1).

Die gedoopte kind moet deur die ouers en die amptelike bemoeiing van die kerk daartoe gebring word om bewus die verbond te aanvaar, terwyl die bewuste aanvaarding van die verbond juis voorwaarde vir die doop van die volwassene is (vgl. Formulier om die Heilige Doop aan die Volwassenes te bedien).

Wanneer die volwassene dan deur die doop "in die gemeente van Christus ingelyf (Universele Kerk) en as lidmaat van die kerk opgeneem" (Instituut) is, moet hy bewustelik die verbond belewe: leef uit die beloftes van God en hom onderwerp aan die regering van Christus (soos Hy dit verwerklik deur die amp). Hy moet Christus bely en sy dood verkondig in die nagmaal en moet hom aan die Woord soos beseël in die nagmaal tot voeding van die geloof, onderwerp. Hy moet homself dus ook doelbewus onder die sorg van Christus, soos Hy dit in sy kerk voltrek in die bediening van Woord en sakramente, stel soos dit van hom geëis word by sy doop (vgl. vraag 4 van die Formulier).

## ARTIKEL 60

1. Beginselagtergrond

Hierdie artikel is eintlik administratief van aard. Sowel die kerk as die owerheid (altans vroeër) het belang by die bepaling. Die aantekening van die name van gedooptes was die enigste aantekening van geboortes in die tyd toe die owerheid hom nog nie met die registrasie van geboortes bemoei het nie. Vandag het net die kerk belang by die optekening van die name van gedooptes.

Die aanlê van dooppregisters sluit egter ook aan by die verbondsgedagte. In hierdie sondige wêreld is dit nodig om met sekerheid te kan vasstel of iemand deur die doop in die kerk ingelyf is of nie en ook om te bepaal wie vir die opvoeding verantwoordelik is. Dit kan nodig wees om 'n indringer so aan die kaak te stel, of - en dit is veral die beginselagtergrond vir die artikel - dit gee die kerk bevoegdheid om kragtens die kennis uit die doopregisters geput, op te tree; om toe te sien dat verbondskinders ooreenkomstig die doopsbelofte opgevoed word deur die wat dit op hulle geneem het.

Dit verseker ook die bevoegdheid van die kerk om bemoeienis te maak met 'n gedoopte kind, wat geskei is van sy ouers en omgewing wees geword het, of op een of ander manier onder die sorg van mense wat vreemd is aan die kerk gekom het. Vgl. kinders wat onder staatsorg en in 'n inrigting beland.

Mens huiwer, en wil geen vergelyking maak nie, maar die artikel laat tog dink aan die wie se name in die boek van die lewe opgeskryf is (vgl. Openb. 3:5, 11; 13:8; 20:15; 21:27 en 22:14; asook Filippense 4:3).

2. Naamgewing

Die reël is dat die verbondslyn uit die naam moet blyk - vandaar die sg. familiename. Daar moet egter, so het die Sinode van Rusten= burg 1863 reeds besluit, gewaak word teen te veel name!

Vanselfsprekend moet bedienaars van die Woord seker ook toesien dat daar nie name gegee word wat nie by 'n verbondskind pas nie, bv. name waaraan bygeloof kleef; die van filmsterre, sporthelde ens. wat dui op 'n verkleefdheid aan die wêreld (vgl. 1 Joh. 2:15 en 16).

## ARTIKEL 61

## DIE NAGMAAL

1. Die Heilige Nagmaal is die maaltyd waardeur die geloof gevoed en versterk word.

Dit is 'n gemeenskapsmaal van die wat aan Christus behoort met Hom en mekaar gedurende die tyd voor sy wederkoms (vgl. Lukas 22:16-20; N.G.B. Art. 35).

Die doop is die eenmalige waarborg - waarvan die werking dwarsdeur die lewe van die gelowige heen voortduur.

Die nagmaal is die telkens terugkerende waarborg dat Hy ons gedurig= deur versorg as gelowiges; dat Hy ons nooit loslaat nie (vgl. Jak. 6:37 en 39).

83/...

Doop en nagmaal is beide sakramente wat wel te <u>onderskei</u>, maar nooit te skei is nie. Beide teken en beseël die verlossing deur Jesus Christus. Elkeen benadruk egter 'n ander aspek van die werk van Christus: Hy was en reinig ons van al ons sondes en wederbaar ons tot kinders van God; dit word afgeteken en beseël deur die doop as die sakrament van die inlywing.

Die Heilige nagmaal weer wys ons daarop en verseker ons daarvan dat ons ingelyf is in die liggaam van Christus; dat ons gemeenskap het aan die enige offerande van Christus wat aan die kruis volbring is, en aan al sy goed (vgl. N.G.B. art. 35,HK.S. XXVIII, vr. 75).

Die doop sê dus jy is kind van God en die Nagmaal: Hy sorg dat jy sy kind bly. (vgl.HK.S. XXVIII antw. 76; N.G.B. art 35; Calvyn: Inst. IV XVII.1).

Daarom lei die doop tot die nagmaal; wie gedoop is moet nagmaal vier. Vandaar dat die volwassene wat gedoop word ook by sy doop reeds moet belowe dat hy die nagmaal van die Here (dadelik) sal en is hy ver=plig om dit te gebruik (vgl. K.O. art. 59). Die volwasse doop gee tegelyk toegang tot die nagmaal.

In die praktyk is die stappe wat by die volwasse doop op mekaar volg dus:

1. Openbare belydenis van die geloof;
2. bediening van die doop en
3. viering van die nagmaal.

Vandaar dat die volwassedoop meestal ook plaasvind by die voorberei=dingsdiens <u>na die aflegging</u> van belydenis (en nie andersom soos soms gebeur nie), sodat die nagmaalsviering direk kan volg.

## 2. <u>Die tafelgenote</u>

Die voorwaarde vir deelname aan die viering van die nagmaal is die geloof en bekering (vgl. Hand. 2:41 e.v.; 1 Kor. 11:27 tot 29; 2 Kor. 13:5; H.K.S. XXV; vs. 65; S. XXX vraag en antw. 81 en 82; N.G.B. art. 35).

Die opsieners moet sekerheid hê dat die wat by die tafel aansit gelowiges is (vgl. 1 Kor 11:31 en 32; nagmaalsformulier); dat hulle Jesus Christus waarlik erken en liefhet as verlosser en Here (vgl. Bouwman II p. 368 e.v.; Inst. IV. XVII-40).

'n Blote historiese geloof is nie genoeg om te kan aansit aan die tafel nie.

Die sekerheid aangaande die aanwesigheid van 'n ware geloof by diegenes wat wil nagmaal vier, kan uiteraard nie volkome deur die opsieners verkry word nie, want van hulle geld;de intimis non iudicat (vgl. Joh. 10:14 en 2 Tim. 2:19). Vandaar dat in art. 61 nadruk gelê word op die uitwendige kentekens van die inwendige geloofsgesteldheid en bepaal word dat

2.1 Belydenis van die Gereformeerde Godsdiens gedoen moet word en
2.2 dié belydenis versier moet word met 'n daarby-passende lewe (vgl. Lukas 6:43-45 en vraag 3, Formulier by die aflegging van Belydenis van Geloof).

Die uitdrukking: Gereformeerde Godsdiens moet teen die historiese agtergrond gesien word. Dit staan t.o. die Roomskatolieke, Anabaptistiese en ander dwalinge. Bedoel word dat belydenis gedoen moet word dat Jesus is die Christus, die Seun van die lewende God (vgl. Matth. 16:13 e.v. volg. i.v.m. Matth. 10:32 en 33 en 1 Tim. 6:12), en dat die belydenis 'n nadere uitdrukking vind in die Drie Formuliere van Eenheid (vgl. vrae 1 en 2, Form. by die aflegging van Bel. van Geloof).

Diegene wat so deur belydenis van geloof toegelaat word tot die nagmaal is

2.2.1 heidene wat deur die doop ingelyf word in die kerk en daarom "verplig is om die nagmaal van die Here te gebruik" (K.O. art. 59);

2.2.2 dooplede wat tot volwassenheid gekom het en die verbondsbeloftes bewustelik vir hulleself toe-eien en die eise op hulle neem. Daar kan nie 'n presiese ouderdom vir volwassenheid bepaal word nie. Dit hang af van die geestelike ontwikkelingspeil en of daar reeds 'n onderskeidingsvermoë by die persoon aanwesig is.

Calvyn e.a. het uitgegaan van die stand=punt dat die nodige onderskeidingsvermoë op 14 tot 16 jarige ouderdom as reël aangetref word; H. Bouwman e.a. meen weer op 17 - 21 jarige leeftyd.

Elke kerkraad moet elke aansoek tot belydenis-aflegging noukeurig op meriete behandel en sover moontlik vasstel of (1) die ware geloof aanwesig is en (2) daaroor met vrymoedigheid gespreek kan word.

2.2.3 Hulle moet "toegelaat word tot die Heilige Nagmaal" d.w.s. tot belydenis van die Gereformeerde Godsdiens, "volgens gebruik van die plaaslike kerk".

In die Geref. Kerke in S.A. is dit gebruik dat Katkisante wat wil belydenis doen na behoorlike kategetiese onderrig deur die ouers en predikant (vgl. 2 Tim. 3:14 e.v.) op die daarvoor bestemde tyd

2.2.3.1 jaarliks hulle aanmeld by die ouderlinge wat

2.2.3.2 ondersoek instel na die kennis wat hulle het aangaande Gods verbond en of dit meer is as 'n verstandelike kennis; of dit m.a.w. <u>'n hartlike kennis</u> is;

2.2.3.3 ook vasstel of hulle lewenswandel ooreenkom met hulle geloof (vgl. Jak. 2:14-26).

2.2.3.4 Is die kerkraad oortuig van hulle geloof word hulle toege=laat om belydenis van die geloof af te lê.

2.2.3.5 Die gewoonte om die <u>hele ondersoek en toelating aan 'n kommissie van die kerkraad op te dra</u> kan nie aanbeveel word nie. In die praktyk is dit ook dikwels die oorsprong van onvergenoegd=heid en selfs vyandigheid rondom die persoon van veral die predikant. Wanneer besluit moet word dat iemand nie toegelaat kan word nie deur 'n kommissie en daar word gekla, word die verantwoordelikheid gewoonlik op die paar lede van die kommissie met die predikant in die middelpunt afgeskuif. Die ander ouderlinge ontken verantwoor=delikheid en so kom daar partyskap.

Hierdie bose vrug word gepluk van 'n boom wat self nie goed is nie. <u>Elke</u> ouderling is verantwoordelik om vas te stel of diegene wat vir die eerste keer aansoek doen om toegelaat te word tot die nagmaal, wel toegelaat mag word. <u>Elke</u> ouderling moet persoonlik oortuig wees

86/...

van die waaragtigheid van die belydenis van diegene wat van te vore nog nie toegelaat is nie.

Die ouderlinge is aangestel as wagters(vgl. Eseg. 3:16 e.v. in ver=band met o.a. 2 Kor. 5:20; Hand. 20:28) oor die huis en kudde van God. En hoewel hulle gesamentlik as kerkraad hulle roeping vervul bly dit nog die ouderling wat persoonlik wagter is. Die kerkraad - dit moet altyd in gedagte gehou word - is nie die opsiener d.w.s. 'n liggaam wat soos 'n bestuur of parlement deur 'n meerderheidstem regeer nie. Die ouderlinge bly altyd persoonlik die opsieners wat juis ook gesamentlik beraadslaag oor hulle optrede om des te seker te wees dat alleen volgens die Woord van God gehandel word.

Die kerkraad is 'n vergadering van opsieners wat opdragte wat aan elkeen persoonlik deur die Here gegee is, in oorleg met mekaar uit=voer.

Daarom kan die verantwoordelikhede van die opsieners nie oorgedra word aan kommissielede nie.

2.2.4 Voor die gemeente

Wanneer die kerkraad die wat aansoek gedoen het, toelaat, doen hulle belydenis van hulle geloof voor die gemeente, tydens 'n erediens, deur te antwoord op gewetensvrae (vgl. Form. vir Afl. van Bel.).

Hulle word sodoende as mondige lede van die liggaam van Christus dan opgeneem in die volle gemeenskap van die volk van God (vgl. Hand. 2:41 42; kyk ook verwelkoming in die Form. by die Aflegging van Bel. van Geloof).

2.2.5 Diegene wat "uit 'n ander kerkgenootskap hom wil voeg by 'n Geref. Kerk, moet deur die volle kerkraad of 'n Kommissie (vgl. wat hierbo oor 'n komm. gesê is) uit die kerkraad ondersoek word oor die redes vir sy oorkoms" (Burgersdorp 1873). Die besluit behels wesenlik dat

2.2.5.1 vasgestel word of so 'n persoon reeds in die openbaar belyde=nis van geloof gedoen het en waar en of dit as eg aanvaar kan word en

2.2.5.2 of die kerkraad oortuig is dat die aansoeker met suiwere

motiewe en juis omdat hy/sy suiwer in leer en lewe is, die gemeenskap waar hy aanvanklik belydenis gedoen het verlaat, en
2.2.5.3 of hy/sy bereid is om hom/haar te onderwerp aan die toesig van die ouderlinge.

2.2.5.4 So een, wat uit 'n kring kom waar die belydenis selfs op punte minder suiwer is (bv. Lutherse, N.G. ens.) bekragtig dan die wesenlike belydenis dat Jesus die Christus die Seun van die lewende God is, wat vroeër openlik afgelê is, weer voor die kerkraad en is dit nie nodig dat so een weer voor die gemeente belydenis doen nie.

2.2.6 Wanneer iemand uit 'n ketterse gemeenskap (bv. die Unietariërs of die jodendom, ens.)hom by 'n Geref. Kerk wil voeg, moet hy/sy van=selfsprekend eers in die ware leer onderrig word en sy/haar opregt=heid in die ware belydenis, getoets word, voordat daar sprake van opname en toelating tot die nagmaal kan wees.

Na die onderrig en toetsing moet so een voor die gemeente belydenis doen,desnoods met die herroeping van die dwaalleer wat hy voorheen aangehang het. Dit moet in elke geval gebeur as die persone bekende ketters is wie se ketterye baie ergernis aan die kerk gegee het.

2.2.7 Deur die gereelde husibesoek voor die nagmaal word toegesien dat die wat reeds belydenis gedoen het, gereeld nagmaal vier en dat hulle waardige deelgenote aan die tafel van die Here is (vgl. 1 Kor 11) (K.O. art. 23).

## 3. Toelating uit ander Geref. Kerke

Die beginsel dat alleen ware gelowiges toegang tot die nagmaal mag kry, bly. Die verskil is egter dat die wat uit ander Geref. Kerke kom en wil aansit aan die tafel van die Here, reeds belydenis gedoen het in 'n ander Geref. Kerk met wie in kerkverband geleef word. In die geval word alleen vereis dat getuienis aangaande hulle belydenis en wandel voor die kerkraad gelewer moet word om toegelaat te word tot die nagmaal.

Die getuienis kan geld in geval van
1. verhuising en
2. van besoekers wat vir 'n tyd in die gemeente vertoef.

In die eerste geval word ʼn attestasie ingelewer waarop die verhuiser lid word van die kerk waar hy dan woon en toegelaat word tot die nagmaal (Art. 82 K.O.).

In die tweede geval word die getuienis of attestasie net gegee met die oog op ʼn bepaalde nagmaalsviering. Ook hierdie getuienis behoort skriftelik, deur twee ouderlinge onderteken te wees. In geval van mondelinge getuienis in uitsonderlike gevalle moet met groot versig= tigheid opgetree word. Die getuienis moet altyd van ʼn kerkraad wees.

(Lees verder by art. 61: F.L. Rutgers: Artikels in die Heruut 1877 en 1878 in Kerkelijke Adviezen II p. 104 e.v.; H.Bouwman II. p 367 e.v.; Calvyn Inst. IV. XVII).

1. Die wyse waarop die nagmaal gehou moet word, word aan die vry=heid van elke kerk oorgelaat in soverre dit die middelmatige dinge aangaan.

Onder die middelmatige dinge word verstaan of die nagmaal sittende, staande of selfs in beweging gevier moet word. Verder of daar tydens die viering gedeeltes uit die Skrif gelees en toepaslike psalms gesing moet word of nie.

In hierdie dinge bind die Here die kerke nie in sy Woord nie. Vandaar dat die meerdere vergaderinge, onder die leiding van die Heilige Gees ook geen las in die verband op die kerke gelê het nie. Daar moet net altyd wat die kerke betref gesorg word dat die kerke deur die gebruike opgebou word.

2. Daar is egter dinge waarop al die kerke altyd moet ag gee by die viering van die Nagmaal. Daar is met betrekking tot die nagmaal ook die ius Divinum wat deur elke kerk gehoorsaam moet word, vandaar dat in Artikel 62 bepaal word dat "aan die seremonies wat in die Woord van God voorgeskryf is, nie verander mag word nie."

Onder hierdie dinge word gereken:

1. die maaltydskarakter van die nagmaal wat vereis dat by 'n tafel aangesit moet word (die aantal tafels is weer 'n middelmatige saak);
2. die instellingswoorde wat by die bediening van die sakrament gebesig moet word, mag inhoudelik nie afwyk van die woorde soos weergegee in Markus 14:22 en 24; Lukas 22:19, 20; Matth. 26:26-28 of 1 Kor. 11:24 en 25 nie;
3. gewone brood en wyn wat as tekens die aandag op die voeding en lafenis vestig moet gebruik word;
4. dat die brood voor die oë van die tafelgenote gebreek moet word;
5. die gemeenskaplike beker wat nie deur aparte bekertjies of kelkies vir elke nagmaalsganger vervang mag word nie. Die gemeenskap met die bloed van Jesus verg dat die een beker rondgegee word. Só het Jesus dit blykens al die gedeeltes waarin die Heilige Gees die instel=ling van die nagmaal laat verhaal, self gedoen.

Prakties is dit nie altyd moontlik om met een enkele beker te volstaan

nie. Die viering sou dan in 'n groot gemeente te lank uitgerek word.

Die gebruik van 3 of 4 bekers in grotere kerke is aan te beveel, hoe=wel die ideaal een beker bly. Die gebruik van meer bekers verswak wel die simboliek van die eenheid van die nagmaalgangers met Christus en mekaar, maar hef dit tog weer nie op nie. Die gemeenskap aan die een beker bly behoue deur die feit dat elke beker onder 'n groep tafel=genote rondgegee word. Die gebruik van meer as een beker kan dus nie op een lyn gestel word met die van individuele bekertjies of kelkies nie.

3. Argument vir die gebruik van kelkies

Higiëniese argumente is die grootste dryfveer agter die aandrang tot gebruik van kelkies. Daar word gewys op onsindelikhede (die pruimpie storie) wat kan voorkom en veral op die gevaar dat aansteeklike siektes so by die nagmaalstafel opgedoen kan word. Hierdie argumente spruit in baie gevalle enersyds uit 'n liefdelose hovaardigheid, waar sommige broeders en susters benede die beswaardes gereken word. Andersyds kan dit spreek van ongeloof.(Lees hieroor Acta Burgersdorp 1930, p.48 e.v. en p. 157 e.v.; waarin die pogings om kelkies in te voer gesien word as deel van die duiwel se eie werk in sy poging om die kerk te vervals.)

Deesdae is 'n geliefde argument dat nagmaalsviering 'n gerehabiliteerde dronkaard weer tot sonde sal verlei daarom moet van druiwesap by die nagmaal gebruik gemaak word. Hierdie beswaar toon egter dat daar by die beswaarde weinig begrip is vir die aard van die sakrament. Die Heilige Gees <u>werk</u> en <u>versterk</u> die <u>geloof</u> deur die sakrament. Daar kan geen sprake wees van verleiding tot sonde by die ware nagmaalsganger nie en die vervanging van die wyn met druiwesap of die sg. ongegiste wyn is ongeoorloof kragtens die feit dat Jesus <u>wyn</u> en niks anders nie, as teken in die nagmaal gegee het.

5. Bygeloof moet vermy word. Hierdie bepaling moet veral gelees word teen die agtergrond van die Roomse leer dat brood en wyn in die vlees en bloed van Christus verander en dat veral die brood (hostie) daarom by geleenthede aanbid is. Hoewel hierdie opvatting by ons nie meer te vinde is nie, meen prof. van der Vyver (diktaat) dat iets dergeliks by ons gevind word in die praktyk dat mense wat selde of

ooit by die woordsbediening teenwoordig is baie gesteld daarop is om nagmaal te gebruik. Hulle ag nie die Woord nie, maar heg 'n bygelowige waarde aan die nagmaal. Hierdie bygeloof moet vermy word deur toe te sien dat sulke veragters van die Woord nie aan die tafel van die Here toegelaat word nie.

6. Na die preek

Die nagmaal moet na die preek gehou word. Dit spreek vanself kragtens die wese van die sakrament.

In die praktyk het 'n verskil tussen art. 56 en 62 in hierdie opsig ontstaan. Die doop word, deur 'n sinodale reëling (Reddersburg 27) voor die preek bedien. Die reëling is enersyds in stryd met art. 62 en andersyds as geredeneer word dat die doop wel op die Woord volg omdat die Skriflesing en die lees van die formulier reeds Woordsbe= diening is, is dit inkonsekwent. Waarom kan die reël dan nie ook vir die nagmaal geld nie?

7. Die Formulier.

Die bediening van die nagmaal kan eers plaasvind nadat die Formulier en die gebede wat daarby hoort, gelees is. Vir die noodsaaklikheid van die bepaling geld dieselfde gronde as wat reeds uiteengesit is m.b.t. die doop. Die bedienaars van die sakrament word terwille van die suiwerheid van die leer oor die nagmaal aan die formulier gebind. Dit gaan nog steeds om die suiwere handhawing van die belydenis.

Die formulier moet voorts voor elke nagmaalsviering gelees word, al is daar twee vieringe op dieselfde Sondag.

Daar kan geen sprake wees van die oggendviering wat die aand of die volgende Sondag voortgesit word nie. Elke samekoms van die gemeente tot Woord en sakramentsbediening is 'n afgeslote byeenkoms (vgl. Acta 1967 p. 165 én F.L. Rutgers: Kerkelijke Adviezen II p. 124 e.v.)

Die besluit van 1967 is geneem na aanleiding van 'n gelykluidende be= sluit van 1933 wat egter na 'n beswaar teen die 2 nagmaalsvieringe op een dag waarby elke keer net 'n deel van die gemeente aansit, gewysig

92/...

is om te lees dat die tweede viering op dieselfde sondag nie opsioneel mag wees nie. Met ander woorde almal wat teenwoordig is by die eerste viering en almal wat teenwoordig is by die tweede viering, moet aansit al het hulle al die oggend nagmaal gevier. Dit meen, prinsipieël gesien, dat die hele gemeente met die aandviering weer saam met die paar wat die oggend nie teenwoordig kon wees nie, die nagmaal moet vier. Prakties meen dit dat of die tweede viering moet afgeskaf word óf net die wat die oggend nie teenwoordig kon wees nie moet die aanddiens bywoon - en daarteen is ook prinsipiële besware. Dit lyk asof met die besluit van 1967 nog nie die laaste woord oor die saak gespreek is nie.

ARTIKEL 63

Die nagmaal as teken en seël om "die belofte van die Evangelie des te beter te laat verstaan en te verseël" (H.K. S XXV), moet minstens elke drie maande gehou word.

Calvyn wou dat die nagmaal elke Sondag gehou word, in ooreenstemming met die gebruik van die vroeg-christelike kerk.

Die probleme in die praktyk soos die owerheidsverset daarteen in Geneve en seker ook die vrees by die meeste protestante dat, deur so 'n gebruik die Roomse bygeloof wat aan die nagmaal gekleef het, sou voortduur, het verhinder dat die ideaal van Calvyn verwesenlik is.

Vandag word daar weer geywer vir die ideaal (vgl. Prof. D.C.S. v.d. Merwe: oor die Nagmaalviering elke Sondag).

In Art. 63 word die aantal kere wat die nagmaal gehou moet word nie gereglementeer nie. Kragtens die wese van die sakrament mag dit egter nie te ver uitmekaar gehou word nie. Die apostel Paulus sê dat aan hom oorgelewer is dat Jesus met die instelling van die nagmaal gepraat het van 'n herhaalde en dikwelse viering van die nagmaal: "doen dit so dikwels as julle daaruit drink, tot my gedagtenis" (1 Kor. 11). Die Heilige Gees het dan ook die kerke in die praktyk so gelei dat die viringe minstens driemaandeliks moet plaasvind.

ARTIKEL 64

Die nagmaal vind alleen in 'n erediens plaas onder toesig van die ouderlinge (vgl. art. 23 en 61). Dit spreek eintlik vanself as ons dink aan die wese van die sakrament. Daarom geld hier dieselfde as wat m.b.t. die doop gesê is in die verband. (art. 56).

In uitsonderlike gevalle, bv. in geval van langdurige siekte of verswakking, kan die nagmaal volgens baie gereformeerdes, wel aan die huis van die pasiënt bedien word, mits daar tog 'n erediens gehou word. Die toegewing mag egter net in hoogsuitsonderlike gevalle gemaak word (vgl. Calvyn aan Farel, Okt. 1562 en aan Olivianus Des. 1562).

Spoelstra e.a. wys in die Handleiding daarop dat die uitsondering liefs nie gemaak moet word nie omdat die nagmaal 'n gemeenskapsmaal van die hele huisgesin van God is en dat voorts alleen die minagting van die nagmaal jou skuldig stel en nie die nie - gebruik onder omstandighede buite jou beheer nie.

Hierdie artikel sluit die viering van die nagmaal deur Konferensiegangers en selfs kerklike meerdere vergaderings as sodanig uit. Alleen die kerk, onder toesig van die ouderlinge, kan die nagmaal hou. (Vgl. F.L. Rutgers II, p. 186 e.v.).

95/...

ARTIKEL 65

Dat hierdie artikel in die K.O. voorkom kan alleen begryp word as ons daaraan dink dat ons nog altyd besig is met die artikels waarin gewaak word dat die belydenis suiwer gehandhaaf sal word ook in die seremonies wat nagekom word in die kerk.

Die dood bly 'n saak wat diep ingryp in die lewe van elkeen wat daarmee te doen kry. En dit is te begrype dat ook begrafnispraktyke wat deur gelowiges gevolg word altyd op een of ander manier uitdrukking sal gee aan watter belydenis oor die dood en die toestand na die dood, daarop na gehou word.

In art. 65 word op konkrete manier gewaak teen die dwaalleer in hierdie verband deur die Roomse praktyk te verbied. Met die lykdienste is 'n predikasie gehou en gebede gedoen om die afgestorwene se siel tot rus te bring. Die praktyk spreek van 'n opvatting oor die dood en die toestand daarna - wat maar altyd by die oue mens gevind sal word en dreig om in die kerk in te dring - wat geheel in stryd is met o.a. 1 Kor. 15, art. XXXVII N.G.B., H.K. S. XVI; XVII en XXII). Die Sinodes van 1933 en 1952 het ook die lykverbranding, wat die dwaalleer kan verberg, hier te pas gebring en daarteen gewaarsku.

Die begrafnis mag dus nie onder die kerkelike sakramente of seremonies gereken word nie. Verskillende sinodes o.a. 1967 het al verklaar dat dit 'n familiesaak is. Tog is die kerk ook ten nouste daarmee gemoeid. Die dood van 'n gelowige raak nie net die naasbestaandes en vriende nie. Dit raak die kerk ook. Die verskillende ampte het 'n opdrag waar die dood ingetree het. Veral die herders: die bedienaar van die Woord en ouderlinge het 'n taak t.o.v. die verwante van die afgestorwene sowel as die kerk waarvan hy/sy lidmaat was. Die bedienaar van die Woord het kragtens sy profetiese roeping die opdrag om in die eerste plek die verwante pastoraal te versorg. Die pastorale sorg kulmineer dan in die trooswoord met die begrafnis, waarby ook die gemeente betrek word.

96/...

ARTIKEL 66

Die artikel het as agtergrond Skrifgedeeltes soos Ps. 18:7; 50:15; 86:7; 118:5 en soveel ander, waarin gewag gemaak word van die benoud=heid waarin die gelowige verkeer en waaruit die HERE hom verlos op sy hulpgeroep.

In Ps. 50:14 en 15 word beveel "Offer dank aan God, en betaal jou geloftes aan die Allerhoogste, en roep My aan in die dag van benoudheid' Daarby kom die belofte: "Ek sal jou uit help"; sowel as die eis: "en jy moet My eer."

Eintlik het ons hier 'n weergawe van die onuitspreeklike reg wat die Here ons kragtens sy verbond gee om by Hom aan te dring om verlossing uit die nood. (Vgl. Lukas 11:5-13, die Gelykenis van die onbeskaamde vriend; en ook Jes. 62:6 en 7). Hy is onse God en Vader en ons is sy kinders. Ons moet van Hom eis op sy trouverbond en Hy skenk mil=delik as ons smeek (vgl. Bev. Ps. 8:12 en Rom. 8:31 en 32).

Die benoudheid waarvan in die bovermelde psalms sprake is dui op 'n besondere nood, wat veroorsaak dat die gelowige op besondere manier onafwendbaar voor sy skuld en totale magteloosheid en so sy volkome afhanklikheid van God, gestel word. Die gedagte van Ps. 27:13 en 14 kom ook hier na vore: "O, As ek nie geglo het dat ek die goedheid van die HERE sal sien in die land van die lewendes nie ... wag op die HERE! Wees sterk en laat jou hart sterk wees! Ja, wag op die HERE".

Die benoudheid dryf uit na die HERE, die Verbondsgod wat ons in Jesus Christus die vrymoedigheid gee om die heiligdom te betree (Hebr. 10:19) en met vrymoedigheid na die troon van genade te gaan "sodat ons barm=hartigheid kan verkry en genade vind om op die regte tyd gehelp te word" (Hebr. 4:16).

Artikel 66 moet egter ook teen die historiese agtergrond gesien word. Gedurende die 16de eeu is die kerke vasgevang in die bloedige Roomse vervolginge en die oorlogsgeweld van Philips II van Spanje. Ook was pesepidemies 'n verskrikking vir die stede terwyl algemene Volksrampe soos die oorstroming van die laaglande voorgekom het.

97/...

Die redaksie "In tye van oorlog, pestilensie, algemene volksrampe ..." herinner nog aan hierdie besondere nood waarin die sestiende eeuse kerke verkeer het. Dit gaan dus nie in die artikel oor indiwi= duele of persoonlike benoudheid nie. Die druk moet "oral in die kerke gevoel word".

Dit spreek vanself dat die Here deur elke verbondskind of elke gesin of elke kerk (gemeente) in hulle besondere benoudheid aangeroep moet word.

In artikel 66 word egter voorgeskryf dat, bo en behalwe die vanself= sprekende gereelde persoonlike gebede in die binnekamer; gesinsgebede in die huisgodsdiens en kerklike gebede elke erediens, die kerke hulle gesamentlik voor die aangesig van die Here moet stel wanneer hulle al= mal saam sug in benoudheid.

In so 'n geval "moet die klassis ... 'n dag van verootmoediging en gebed uitskrywe." Die ou Dordtse redaksie laat met sy "vast - ende bede= daghen" nog duideliker uitkom dat die opstellers van die kerkorde die "tye van oorlog, pestilensie" ens. veral as tekens van God se toorn gesien het. Die artikel het deur die nadruk op die "veroot= moediging" vandag nog die toestand ingedagte waarin die kerke en/of die volk op die knieë gedwing is deur die oordele van die Here vanweë 'n volharding in die sonde.

Die "vas" hou immers in 'n erkenning met skrik dat en wat daar gesondig is, gepaard met 'n diepe berou wat betuig word onder die opsysetting van alle liggaamlike behoeftes om in volle oorgawe met God te worstel tot= dat Hy die sondaar genadig is en sy kastydende hand weer ophef. Die= selfde gedagte word uitgedruk in die "dag van verootmoediging". 'n Hele dag dus waarin die gelowiges saam worstel in hulle skuld voor God en saam "uit die dieptes gans verlore ... uit diep van donker nagte roep": "o HERE hoor en laat (ons) jammerklagte tog opklim in u oor." (Ps. 130 en ps. 38).

Die erediens, waarin die lig van die Woord op die grootheid van skuld wat ons op ons deur verbondsbreuk laai, maar ook op die ondeurgrondelike ontfermінge van die Here moet val en waarin deur die voorganger en amptelik aangewese broeders van wie die gebedsgawe reeds geblyk het,

gesmeek word om vergifnis en verligting, vorm dan die hoogtepunt van die dag se omgang met God.

Hier is sprake van amptelik aangewese broeders, omdat die Here aan sy kerk voorgangers gee, ook in tye van nood. Hier is seker van toepas= sing Jakobus 5:14 - hoewel dit in Jakobus gaan om 'n besondere persoon= like nood, geld die opdrag om die ouderlinge in te roep tog seker juis ook in die geval van 'n algemene nood van die kerk.

Uit die Skriftuurlike sowel as historiese agtergrond is dit duidelik dat die artikel nie misbruik mag word om die kerk en volk bv. gedurende 'n droogte as't ware te monster om met een stem reën af te dwing nie. Die vraag is of sommige hedendaagse biddae nie meer die karakter van 'n betoging as die van verootmoediging het nie. Daar moet gewaak word teen die sondige gebruik van die gebed soos dit ook voorkom in die sogenaamde kettinggebede.

Tereg wys die Handleiding by die K.O. daarop dat die uitskrywe van so 'n biddag nie ten doel moet hê om skuldbesef en verootmoeding te kweek nie, maar die klassis wat in opdrag van al die kerke saam moet oordeel of so 'n dag uitgeskrywe moet word, moet oortuig wees dat die druk wat oral gevoel word die kerke daartoe dwing om die aangesig van die Here in berou, bekering en smeking te soek.

In die praktyk kom dit daarop neer dat elke kerk(gemeente) wat oortuig is dat 'n besondere daad van die Here die kerke oral so in die engtes gedryf het, dat hulle uit skrik die sonde van die kerke en of die volk besef en nou gedring word tot ootmoedige skuldbelydenis en smeking om bv. van die oorlogsellende verlos te word, die oortuiging aan die be= noemde klassis moet voorlê.

Die klassis oordeel dan in die lig van die reaksies uit die kerke (ge= meentes) of dit wel so is dat die druk oral so gevoel word. Indien wel, skrywe hulle so 'n dag uit. Ingeval van 'n volksramp behoort die "ander kerkgroepe" en/of die Christelike owerheid geraadpleeg te word. Is daar samewerking met die ander groepe sowel as die owerheid, maak die klassis aan elke kerk (gemeente) die besonderhede bekend waar= op ooreengekom word en elke kerk en kerkgroep neem die dag waar volgens eie beginsels. Die ooreenkoms sluit dan in dat ander kerkgroepe in eie kring die oproep op eie wyse bekend maak.

NB. (Vgl. Breedvoerige rapport Acta 1970 bl. 105 e.v.)

ARTIKEL 67

Voorheen het die artikel gelees: "Die gemeentes moet; behalwe die Sondag ook Kersdag, Paasfees ... onderhou".

Die motivering deur die deputate vir die hersiening van die K.O. vir die huidige redaksie was: "Die voorgestelde bewoording stel die on=derhouding van die bepaalde feesdae swakker as die bestaande Kerkorde om die volgende redes:

(i) Daar is prinsipiële bedenking teen die gelykskakeling van mens=bepaalde feesdae met die Skriftuurlike Sondag.

(ii) Daar is geen Skrif- en selfs geen deugdelike historiese gronde vir die onderhouding van die feesdae nie.

(iii) Die betekenis van die dae word selfs op die Sondag oorspan, bv. vir die sogenaamde kerklike jaar waardeur hierdie dae die preekstof vir bepaalde sondae voorskrywe.

(iv) Die huidige redaksie laat dit volkome vry vir kerke wat dit onderhou, terwyl dit geen kerk beswaar wat dit nie onderhou nie.

In die lig hiervan kom die vraag op of artikel 67 wel in sy huidige redaksie in die K.O. tuishoort. Indien dit sou lui: Die kerke moet die dag van die Here (of Sondag) onderhou, hoort dit vanselfsprekend in die K.O. as uis divinium tuis (vgl. o.a. 1 Kor. 16:2 en Hebr. 10: 25).

Nou is egter selfs die verwysing na die Sondag weggelaat en daarmee kom die artikel onder verdenking. Presies waarom die verwysing na die Sondag weggeval het is nie duidelik nie. Die Christelijke Gereformeerde Kerken in Nederland het Artikel 67 seker tereg so ge=wysig dat die verpligting tot die heiliging van die dag van die HERE voorop staan. "De Kerken zullen de dag des Heren heiligen naar Gods Wet".

Wat was die oorspronklike bedoeling met die artikel? Vogens F.L. Bos, De Orde der Kerk, wil dit voorkom of die artikel oorspronklik wel die onderhouding van die Sondag in oog gehad het. Ook volgens Dordrecht 1574 wat bepaal het "dat men met den Sondach alleen tevreden sijn sal".

100/...

Maar omdat die kerklike feesdae deur Roomse gebruik so 'n houvas op die volk gehad het, is die onderhouding van die feesdae as toegewing naas die Sondag ook voorgeskryf.

H.H. Kuyper (in De Verkiezing voor het Ambt) toon dat Voetius daarop aangedring het dat die kerklike feesdae afgeskaf moes word in weerwil van art. 67 K.O. Die feesdae is nie in ooreenstemming met die Skrif nie en die bepalings daaromtrent het alleen in die K.O. gekom omdat die volk die feesdae wou vier.

Runia stel in "Gereformeerde Weekblad 1 Dec. '79" dat die jong christelike kerk net die Sondag gevier het. Paasfees is eers teen die middel van die Tweede eeu ingevoer en nog later Kersfees, wat eers as epifaniefees op 6 Januarie gevier is en toe verskuif is na 25 Desember. Dit het waarskynlik gebeur sodat kersfees die fees "sol invictus" (die onoorwinlike son) kan vervang. Hierdie ontwikkeling sou toon dat die Christelike kerk vanaf die 2de helfte van die 2e eeu die lyn na Israel met sy weeklikse feesdag en sy terugkerende jaarlikse feesdae, gevolg het.

Onder gereformeerde Kerkregtelikes is daar 'n konsensus dat die bepaling omtrent die feesdae, selfs in die huidige afgewaterde vorm, alleen by wyse van toegewing 'n plek in die Kerk Orde het en ook dat die gewoonte wat daarmee saam hang "om zich bij de prediking te houden aan de gang van het kerkelijken jaar is in geen enkel opsicht verbindend" (Bos).

Dr. J.D. du Toit sê oor die artikel "Tog is dit goed dat die kerke sig t.o.d.v. konformeer. Seker is dit nie Gereformeerd om die feesdae tot buitengewone dae te verhef nie ... Die sonde lê nie in die vier nie, maar in die buitengewone verheffing daarvan". (Diktaat).

ARTIKEL 68

Hierdie artikel het in die verlede al baie kritiek uitgelok. Die kritiek kom daarop neer dat 'n menslik saamgestelde stuk op een lyn met die Heilige Skrif gestel word. Om uit die kategismus te preek is om 'n mensewoord aan die gemeente van die Here op te dring.

Hierdie kritiek word weerspreek deur die feit dat die Heidelbergse Kategismus 'n belydenisskrif van die Gereformeerde kerke is. D.w.s. dit is 'n geskrif waarin die kerke die Bybel na praat. Die Bybel word daarin weergegee.

'n Kategismuspreek is dus Woordbediening. (Hoe dit ingeklee moet word word in die Homiletiek behandel).

Na die segswyse van Voetius, is die naaste doel van die voorskrif in artikel 68 om die hoofinhoud van die Christelike leer by die gemeente in te skerp. Die gelowiges moet hulle belydenis ken en daarvolgens leef. Vandaar dat ook die jeug by die kategismusprediking betrek is gedurende die 16e eeu. In die namiddagdiens moes een van die kinders die Sondagsafdeling wat aan die orde vir behandeling was, opsê en daar=na is dit in die predikasie uitgelê.

Die verwyderde doel, waarheen die Heilige Gees die kerke in die besluit gelei het, is seker dat aan elke kerk "die hele raad van God" verkondig sal word (Hand. 20:27). Daar mag nie gebly word by die begin van die prediking aangaande Christus nie (Hebreërs 6:1). Alles wat opgeskryf is aangaande die tekens wat Jesus gedoen het moet geglo word (vgl. Joh. 20:30 en 31).

Hierdie woorde moet gesien word in die lig van 2 Tim. 3:16, waar dit betrek word op die hele Skrif. Die <u>hele Skrif</u> is nuttig tot lering, ens.

Sonder dat dit so bedoel is, ondervang die artikel so enige behoefte om die Rooms-georiënteerde kerklike jaar te bestendig. Dit bring mee dat die hele raad van God aangaande ons verlossing jaarliks (sover moontlik), as die kategismus deurgepreek word, aan die gemeente voorge=hou word. Die bedienaar van die Woord word sodoende gedwing om nie

net by die begin van die prediking aangaande Christus te bly of net geliefkoosde Skrifgedeeltes aan die gemeente voor te hou nie. Dit verhoed andersyds ook dat bv. gedurende die sg. lydensweke (asof Christus net die paar weke voor sy kruisdood sou gely het en nie"die ganse tyd van sy lewe op aarde" nie, H.K. Sondag XV Antw. ) op gefor= seerde en dikwels kunsmatige en daarom oneerbiedige manier, probeer word om die lyde van Christus Sondag na Sondag aaneen uit te beeld.

Die weeklikse prediking uit die Heidelbergse Kategismus bevrug dan ook die sg. vryestof-prediking in die mate dat die gemeente deur die verkondiging van die hele raad van God gebring word tot geestelike volwassenheid sodat hulle nie soos golwe geslinger en heen en weer gedrywe word deur elke wind van lering nie.

## ARTIKEL 69

Die artikel moet teen die agtergrond van Kol.3:16 en ook Ef. 5:19 ge= lees word. Deur die Heilige Gees beveel Paulus die gemeente: "Leer en vermaan mekaar met psalms en lofsange en geestelike liedere, en sing in julle hart met dankbaarheid tot eer van die Here."

Dit gaan hier om die intieme verhouding tussen God en sy kerk in die erediens. Die verbondsgemeenskap word hier op 'n besondere manier beleef.

Met vrymoedigheid word die heiligdom in die erediens deur die bloed van Jesus betree om aan God die lof en dank te bring wat Hy eis; maar ook om die reg om aller node en behoeftes aan Hom bloot te lê, uit te oefen (vgl. Hebr. 10:19 en Matth. 7:7-11 en Lukas 11:5-13)

Dit gebeur veral ook in die gebed en gesang. En waar die HERE reeds in die O.T. erediens aangedui het dat Hy gee wat Hy eis en ook die liedere waarin die lof en dank en smeking na vore kom deur die Heilige Gees ingegee is, en daar klaarblyklik o.a. in Kol. 3:16 en Ef. 5:19 hierop terug gegryp word, het die kerke van die Reformasie van die begin af uitgegaan van die stelreël "In Gods huis, Gods lied". Dit was ook die uitgangspunt van ds. D. Postma in sy antwoord aan die Algemene Vergadering van die Ned. Hervormde Kerk van die Z.A.R. in 1859 toe hy onder andere verklaar

het dat die kerk wat hom alleen by die gesange hou "waarvan de tekst in den Bijbel gevonden wordt, dié is zeker op den veiligsten weg".

Toe die kerke van die Reformasie weer onder leiding van Calvyn die gemeentesang in ere herstel het, het hulle sterk standpunt ingeneem teen die sogenaamde vrye lied. Die vrye lied, wat opkom uit die subjektiewe ervaring of belewing van die digter hou die wesenlike ge= gevaar in dat die mens met sy idees op die voorgrond kom i.p.v. God en sy Woord. Dit was dan ook veral die beswaar teen die opgedronge Evangeliese Gesangebundel aan die einde van die 18e eeu. En dit is verder opmerklik dat die aandrang op die vryelied in die Gerefor= meerde kringe, op die sterkste na vore kom in tye van geestelike ver= val. (In Nederland onder leiding van die Remonstrante in die vorige eeu en sedert die dekades na die tweede wêreldoorlog onder leiding van die aanhangers van en simpatiseerders met die nuwe teologie).

Daarom word in artikel 69 bepaal dat alleen die 150 psalms en bepaalde Skrifberyminge (liedere waarvan die teks in die Heilige Skrif te vinde is) gebruik mag word. Sedert die reformasie is die wat nog in die artikel genoem word voorgeskryf - ook die Twaalf Artikels, as belyde= nisstuk, gegrond op die Woord. Die ander goedgekeurde Skrifberyminge wat aan die vryheid van die kerkrade oorgelaat word, kon nie in 1939 1942 of 1964 met algemene stemme voorgeskryf word nie. Die feit dat die gebruik daarvan aan die vryheid van die kerke oorgelaat is - ons leef nog in 'n sondige wêreld en is in vele dinge nog so kortsigtig dat eenstemmigheid nie maklik verkry kan word nie en ons daarom ver= plig is om mekaar te verdra - spreek egter daarvan dat die kerke dit eens is dat die wat die goedgekeurde Skrifberyminge gebruik, nie sonde doen nie. Daarmee is al ver gevorder op die pad na eenstemmigheid.

Dr. J.D. du Toit wys op die gebruik van die orrel. Die reformatore veral Calvyn, wou dit nie in die kerk hê nie. Tog is dit 'n middel= matige saak of die psalmgesang met orrelbegeleiding of nie sal geskie[d]. Die orrel moet egter net dien en op die agtergrond bly.

Die artikel is weereens 'n voorbeeld van hoedat daar in die kerkregering alles moontlik gedoen moet word om sonder om die ius divinum te oortree of die beginsel te verkrag, die eenheid onder die gelowiges te bewaar

ARTIKEL 70

Met die revisie van die K.O. in 1964 is die ou redaksie voorlopig gehandhaaf. In 1967, het daar 'n lywige meerderheids- sowel as 'n minderheidsrapport gedien, waarna die huidige redaksie vas gestel is.

Die formulering van artikel 70 is veral gebaseer op 1 Kor. 7:39 en Efesiërs 5:22-33.

Die huwelik is 'n heilige instelling van God, ook dienstig aan die verbond insoverre die Here sy verbond met ons en ons kinders opgerig het en omdat Hy die verbondsverhouding daarin afbeeld (Ef. 5:22-33).

Die kerk moet toesien dat die huwelik heilig gehou word vanaf die begin en daarom moet dit in teenwoordigheid van die gemeente gesluit en die seën van die Here daaroor afgesmeek word. Die bedoeling was dat dit in 'n gewone samekoms van die gemeente moet geskied. Die troudienste waar baie keer net die bruid en haar familie lede van die kerk is, is nie in ooreenstemming met die artikel nie. Die bedienaar van die Woord, wat ook hier in sy profetiese amp voorgaan, bevestig die huwelik onder toesig van die kerkraad. Daarom moet daar ook vooraf aan die kerkraad en gemeente kennis gegee word van die voorneme om in die huwelik te tree.

Die sogenaamde gebooie moet afgelees word vir 'n tyd, gewoonlik 3 sondae na mekaar, sodat lidmate geleentheid kan kry om beswaar te maak indien hulle van iets weet wat so 'n huwelik volgens Gods Woord ongeoorloof maak.

Die kerkraad mag nie toelaat dat 'n verbode huwelik bv. tussen 'n gelowige en ongelowige, tussen broer en suster, tussen ongeoorloofde geskeides of 'n geskeide en 'n ander lidmaat, en nog erger soos tans gebeur: tussen man en man ens. nie, kerklik bevestig word nie. Selfs al sou die owerheid ook so 'n huwelik goedkeur, wil dit nog nie sê dat die kerk dit moet goedkeur nie. Die kerk het Gods Woord as finale maatstaf en moet Hom gehoorsaam. Ook moet huwelike tussen christene wat nie een in belydenis is nie afgeraai word.

Die Owerheid het ook 'n funksie by die huwelik en waar hulle die kerklik

105/...

huweliksbevestiging erken moet die predikant ook aan die wetlike ver= eistes as huweliksbevestiger voldoen; maar met die voorbehoud dat hy nooit die Skrif en K.O. sal verkrag in sy optrede as staatsampte= naar nie. Daar moet noukeurig ag gegee word op die huwelikswetgewing en die vereistes wat aan huweliksbevestigers gestel word indien die predikant ook deur die owerheid aangestel is as huweliksbevestiger.

Ten slotte moet daarop gewys word dat hierdie artikel ook veronderstel dat daar maar een grond vir egskeiding kan wees nl. hoerery (vgl. Matth. 19:9; sien ook Rapporte en besluite Sinodes 1924; 1927; 1939. Kyk verder bylae by art. 70 K.O. in die Kerkorde uitgawe 1980, p. 89).

* * * * * * * * * * * * *